## Alta du Toit Nasorg

Alta du Toit Nasorg bied 'n tuiste aan gestremdes met spesiale behoeftes in Lincoln straat, Bellville.

www.altadutoit.org.za

021 913 2106

## Huis Ravenzicht

Huis Ravenzicht is 'n ouetehuis in Kraaifontein met sowat 140 inwoners wat almal oor onvoldoende fondse beskik.

Huis Ravenzicht

021 988 7454

## MES Durbanville

MES Durbanville bedien straatmense, vreemdes en haweloses in die Durbanville omgewing.

www.mes.org.za

082 440 7055

## Christie Dippenaar



Christie is in 1989 deur Kenridge Gemeente uitgestuur. Hy woon in Switserland vanwaar hy teologiese studente in China en Taiwan oplei en bedien 'n gemeente in Switserland.

China, Taiwan, Switserland

+41 77 261 6373

***Indien jy wil deel word van die Bediening na Buite span kontak vir Dave Viljoen, Melinda Venter of die kerkkantoor.***

***kantoor@ngkenridge.co.za***

## Ruyterwacht Senior Sentrum

Ruyterwacht Senior Sentrum bied 'n heenkome aan 230 behoeftige seniors deur gebalanseerde etes 5 dae per week en allerhande ondersteuningsaktiwiteite aan te bied.

www.ruyterwachtseniors.co.za

083 810 1240

## Arise Shine Africa



ASA is 'n gemeente en gemeenskapsentrum in Mitchellsplein wat opheffingswerk, regshulp, sopkombuise, leesprogramme, groente verbouingsprojekte en Bybelklasse aanbied.

Arise Shine.Africa

073 284 1528

## Sobambisana

Sobambisana is 'n gemeenskapsontwikkelingsentrum in Cross Roads, Khayelitsha, met 4 fokusse:

- Vulindlela ('n senior sentrum)
- Sinethemba (gestremde leerlinge)
- Educares (kleuterskool klasse)
- Ouerleiding programme vir die ouers.

Sobambisana Community Development programme

073 209 3825

## God's Merciful Hands Ministry



GMHM is 'n gemeente met sowat 45 lidmate binne die Great Commission Network of Churches met wie ons nou saamwerk. Hulle fokus sterk op sopkombuise, klere, behuising, noodsaaklike lewensmiddele, skole en gevangenisbediening. 083 345 7901

Kayelitsha

# BEDIENING NA BUITE

KENRIDGE GEMEENTE

**Kenridge gemeente se roeping is:**

Ons bou brûe soos Jesus. Ons leef die Bybelse roeping uit om nie vir onsself te leef nie. Ons kom gereeld bymekaar om daarvandaan te gaan brûe bou deur mekaar te versorg en om te gee tot aan die uithoeke. Ons is gestuur soos wat Jesus na die aarde toe gestuur is.

# BEDIENING NA BUITE

Jy kan op verskillende maniere deel raak van Bediening na Buite se werk:

Weeklikse uitreike: Ons besoek tweeweekliks vir Sobambisana en elke Dinsdagaand vir Alta du Toit Nasorg.

Maandelikse uitreike: Ons besoek maandeliks vir Huis Ravenzicht, Maitland Gemeenskapskerk, Ruyterwacht Senior Sentrum en God's Merciful Hands Ministry.

Kwartaallikse uitreike: Een maal per kwartaal het ons 'n "werksdag" by Sobambisana waar ons instandhouding en herstelwerk doen

Jaarlikse uitreike: Ons besoek jaarliks die gemeente in Zithulele.

Insamelings: Hou ons afkondigings dop vir verskillende insamelings deur die jaar.

Finansieel: Maak 'n finansiële bydrae tot Bediening na Buite se werk.

## UITREIKBYDRAES

SNAPSCAN verwysing : UR

## Maitland Gemeenskapskerk



Maitland is in die proses van eenwording met Maitland VGK en hulle bedryf heelwat sopkombuise en doen sosiale versorging en opheffingswerk in hulle gemeenskap.
082 847 5573

## Badisa Trio

Badisa Trio is die NG Kerk in die Wes-Kaap se barmhartigheidsarm wat broodnodige kos, klere, lewensmiddele, ouerleiding, rehabilitering en pleegsorg verskaf.
www.badisatrio.co.za
082 311 7877

## Fisantekraal Sopkombuis



Tannie Doekies bedryf saam met Abraham vanuit hulle gemeente 'n sopkombuis, klereverskaffing en deurlopende opheffingsprojekte in Fisantekraal vir tot 500 mense.
074 670 7370

## Maria Xinthi

Maria werk onder HospiVision en bedien Xhosasprekende pasiënte in Karl Bremer Hospitaal.
063 815 5689



## Ligstad Bellville

Ligstad is 'n Bellville Ringsprojek wat fokus op die versorging van seniors asook leeslesse en pousebroodjies vir laerskoolkinders.
www.bellville.ligstad.co.za
082 550 9923

## Zithulele & Siyavuya

Zithulele is 'n VGK gemeente in die Oos-Kaap. Ds Mzukisi Mtyana en sy vrou, Khaya, is die leraarspaar en Siyavuya Makavula is 'n gemeenteseun wat in Stellenbosch teologie studeer.



Zithulele, Oos-Kaap
071 793 9734

## Franschhoek Hospitality Academy



Jeremy Davids is die stigter van hierdie gasvryheidsakademie waar studente vanuit baie behoeftige, informele agtergronde opgelei en gehelp word met plasings in beroepe.
www.franschhoekhospitalityacademy.co.za
082 472 5156

## Calvinia NG Kerk

Kenridge en Calvinia is 'n hegte verhouding wat gedy tussen 'n stadsgemeente en 'n plattelandse gemeente wat mekaar wedersyds ondersteun en brûe bou met veral oor-en-weer kuiers, karoolammers en kuierfeestes. 027 341 1301



Calvinia